Hoërskool Kroonstad

STIGTINGSDATUM: 1908
LEUSE: MANU ET MENTE
(HAND EN VERSTAND)
ADRES: NOORDWEG,
KROONSTAD
WWW.BLOUSKOOL.CO.ZA

FNB

Skoolgeskiedenis

Die Hoërskool Kroonstad se wortels strek so ver as 1908 terug. In 1994 het die Hoër Landbouskool Kroonstad en die Hoër Tegniese Skool De Wet Nel albei met die Hoërskool Kroonstad saamgesmelt. Die diversiteit van die drie skole het daartoe gelei dat die skool moontlik die meeste en uiteenlopendste vakke in Suid-Afrika aanbied. Maar die skool is trots op sy diversiteit, en bied uitmuntende akademiese, sport- en kulture geleenthede aan.

Rugby by Blouskool

Hoërskool Kroonstad, oftewel Blouskool, word wyd geloof vir sy rugby en bydrae tot die spel. Die drie oorspronklike skole, wat in die jare 90 saamgesmelt het, was van 1981 tot 2007 deurlopend by die Springbokrugbyspan betrokke, hetsy as spelers of as breiers. Die oudleerlinge wat vir die Springbokke gespeel het, is Burger Geldenhuys, Gert Smal, Ian Hattingh, André Venter, Faan Rautenbach en Michael Claassens. Die Bloues het 'n uitstekende rekord in die besonder mededingende Noord-Vrystaatse Liga, en laat homself op alle vlakke geld.

Bloues het die Liga drie jaar agtereenvolgens gewen; van 1999 tot 2001. Die skool het 97 provinsiale spelers (41 op senior vlak) opgelewer, asook vier SA-skole spelers. En die skool speel steeds sowel plaaslik as oorsee 'n belangrike rol. Gert Smal se werk met die Springbok-voorspelers het die grondslag vir die Wêreldbekersege gelê, terwyl Michael Claassens saam met Butch James hul kragte by Bath in Engeland saamgesnoer het.

Belangrike derbies sluit in Welkom-Gimnasium, Voortrekker van Bethlehem, Hentie Celliers en die Harmony Sportakademie. Die belangrikste wedstryd is natuurlik die Interskole teen die skool se bure, die Afrikaanse Hoërskool, oftewel die Rooiskool. Hierdie wedstryd word dikwels op Loubserpark, die dorp se munisipale terrein, gespeel om skares van meer as 15 000 te hanteer. Dis een van die land se grootste skoolderbies en 'n ideale geleentheid vir reünies wanneer oudleerlinge saamtrek om hul steun en lojaliteit aan hul alma mater te toon.

Internasionaal

Suid-Afrika:
Burger Geldenhuys
Gert Smal
Ian Hattingh
André Venter
Faan Rautenbach
Michael Claassens

"Soos by alle plaaslike derbies kom 'n mens nie te goed met die opposisie oor die weg nie – hulle is op stuk van sake die vyand! Maar vandag op universiteit is baie van my beste vriende juis van die Rooiskool. Ons deel baie goeie herinneringe aan ons skooldae en die derbies wat ons in gemeen het."

— Albert Parsons (2004)

"Op Hoërskool Kroonstad is rugby meer 'n passie as 'n obsessie. Statisties gesproke is dit die Noord-Vrystaatse voorste skool, van o.14 tot o.18 vlak. Dit was my voorreg om nege ligas in veertien jaar as 'n afrigter van o.14 en o.15 spanne te wen. Die skool streef daarna om uitstekende rugbyafrigting aan sy leerlinge te verskaf, asook waardevolle lewenslesse en uitmuntende onderwys. Dit word beslis weerspieël in die talle prestasies van leerlinge op skool en daarna."

— Gerhard Spamer (junior breier 1994-2008)